

Publication: Burger,DieSaturday(Wes-Kaap) (Sport)
Publication Date: 10 Feb 2018
Page: 14

AVE: 14524.88
Circulation: 53696
Part: 1 of 1



Akani Simbine Foto's: EPA



Justin Gatlin

# Akani se afrigter sê nee vir 150 m

Daar is slegte nuus vir atletiekgeesdriftiges wat al hul lippe begin aflek het vir 'n naelloopstryd tussen die Suid-Afrikaanse 100 m-kampioen, Akani Simbine, en die wêreldkampioen in dié nommer, die Amerikaner Justin Gatlin.

Atletiek Suid-Afrika het Donderdag aangekondig dat Gatlin op 8 Maart aan 'n plaaslike Grand Prix-byeenkoms by Tuks gaan deelneem.

Gatlin sal in die 150 m in die blokke sak, 'n afstand wat nie dikwels gehardloop word nie.

Daar is gehoop dat Simbine, wat Gatlin verlede jaar by 'n Diamantliga-byeenkoms in Doha, Katar, oor 100 m geklop het, weer die Amerikaner die stryd sou aansê.

Werner Prinsloo, Simbine se afrigter by Tuks se Hoëprestasie-sentrum (HPC), het egter gister in 'n verklaring water op die vuur gegooi.

"Akani gaan in die 100 hardloop, want dis die afstand waarin hy vanjaar drie doelwitte vir homself gestel het. Hy wil 'n medalje by die Statebondspele én die Afrika-byeenkoms wen, en ook die Afrika-rekord verbeter.

"Om dit te vermag, gaan hy vinniger as 9.85 sekondes moet hardloop. As hy die Afrika-titel wen, sal dit hom ook toelaat om teen die res van die wêreld se beste naellopers in die Kontinentale Beker-byeenkoms mee te ding."

Volgens Prinsloo het hulle nie vanjaar enige noemenswaardige wysigings aan Simbine se oefenprogram aangebring nie. In die verlede het ons baie gefokus op sy wegspring, want hy het die neiging gehad om in die eerste 20 m van sy wedlope te ver agter te raak.

"Nou is dit eerder 'n geval dat ons op die klein goedjies konsentreer, wat hom sal help om bestendig vinniger as 9.90 te hardloop."

Nog 'n Tuks-blits, Clarence Munyai, sal ook nie teen Gatlin in aksie wees nie. Volgens sy afrigter, Hennie Kriel, sal hy ook in die 100 m sy slag wys.

Munyai het verlede jaar in Ostrava, Tsjeggië, die vinnigste tyd ter wêreld deur 'n junior atleet in die 300 m aangeteken. Hy het ook die Suid-Afrikaanse junior rekord in die 200 m tot 20.10 verbeter.

Thando Roto, wat verlede jaar 'n tyd van 9.95 in die 100 m gehardloop het en 'n silwermedalje op die Wêreld-studentespele verower het, herstel nog van 'n besering. – **Sportredaksie**

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.